INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS
Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0 7 2 8 | 85 08 02 2 14 | 056 | 11012 |

Ingenieurs TEGNIEK Jg. 36/18 Nr. ........ Bl. 22 ... Dat. 85 8. -2.

# Min eise ná oproerskade

DIE SA Spesiale Risiko-Versekerings-Assosiasie (Sasria) het tot dusver vanjaar sowat R30 miljoen se eise ontvang.

Mnr. Warren Plummer, voorsitter van dié organisasie, sê in die hele verlede jaar het Sasria altesame R29 miljoen se eise uitbetaal. "Om nou te sê daar sal vanjaar dubbel soveel eise as verlede jaar wees, is nie reg nie. Ons premie-inkomste is vanjaar groter as die vorige jaar, omdat ons meer polisse uitgereik het. Dit is dus normaal om meer eise te verwag."

Sasria is 'n maatskappy sonder winsoogmerk, met die doel om landsburgers se eiendom te verseker teen skade wat voortspruit uit nie-normale gebeure, soos oorlog of politieke oproer.

'n Interessantheid is dat die grootste aantal eise nie voortspruit uit oproer en onluste in swart woongebiede nie. In verreweg die grootste aantal eise vir die grootste bedrae, is die oorsaak 'n bomontploffing, sê mnr. Plummer.

Die Assosiasie het 'n winsoorskot van R36 miljoen oorgedra van sy boekjaar wat Desember 1982 geëindig het. Einde verlede jaar het Sasria 'n oorskot van R100 miljoen gehad. Daarteen kan egter nog heelwat eise ingestel word.

Dit is nodig vir Sasria om 'n reserwe op te bou, omdat sy eise voortspruit uit katastrofes. Daar kan dus nie vooruitskattings van eise gedoen word nie. 'n Enkele eis kan alle reserwes uitwis, sê mnr. Plummer.

In Suid-Afrika is Sasria seker die enigste versekeraar wat sedert sy stigting in 1979 nog nie sy premies verhoog het nie. Dit was selfs moontlik om die premies vir sekere soorte versekering te verlaag, sê mnr. Plummer. Hy stel geen verhoging van premies in die nabye toekoms in die vooruitsig nie.

Mnr. Oosie Oosthuizen, besturende direkteur van Santam-Versekering, sê daar was die afgelope jaar 'n toenemende getal versekeringseise vir diefstal, inbrake en selfs motorongelukke. Hy skryf dit toe aan die ekonomiese resessie, onrus en politieke oproer.

Mnr. Oosthuizen dink die toestand sal nog vererger. Daarom sal premies verder verhoog moet word.

**Wikus Hanekom**

TREFWOORDE
1 Sasria
2 Statistieke
3 Eise
4 Verliese
5 Opstande
6 Stedelike Swartes
7
8
9
10